

7 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 4:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 4:11

HK, Vraag 66

God se aanskouingsonderwys

Ons weet vandag dat aanskouingsonderwys baie belangrik is. Ons onthou en begryp baie beter as ons hoor en sien. Is dit iets nuuts en modern? Nee! Dwarsdeur die Ou Testament het die Here dit reeds op vele manier gebruik (Eks 12:1-28; Gen 17). In simboliese handeling gee die Here die versekering aan sy volk dat Hy hulle God is en dat God sondes vergewe. So wys dit vooruit na die volmaakte offer van Jesus Christus (Heb 8:5; Heb 10:1).

Met die koms van Jesus Christus het die situasie egter verander (Heb 9; Heb 10:1-17). Daarom stel die Here Jesus nuwe simboliese handeling in (Matt 28:19; Hand 2:38, 39; Matt 26:26-29; 1 Kor 11:23-26). Die water, wyn en brood is tekens wat aan ons vertel van die enige offer wat Hy aan die kruis volbring het, maar dit is ook seëls wat ons telkens verseker dat die Here ons sondes vergewe het. Ons het reeds uit die geestelike dood na die ewige lewe oorgegaan (Joh 5:24). Ons kan telkens met groot dankbaarheid die sakramente sien en gebruik (Heb 10:19-25). Dit is feesgeleenthede.

Ons het egter 'n probleem wat baie van ons vreugde kan wegneem. Herhaling bring dikwels afstomping. Wat ervaar jy as jy doopplegtigheid na doopplegtigheid moet deursit? Of 'n nagmaalsviering telkens enduit moet bywoon? As jy die werklike betekenis daarvan *begryp en belewe* sal dit nooit moeite word nie (Mal 1:13).

Mag jy met elke doopplegtigheid en nagmaalviering jou verlustig in die groot genade wat die Here aan jou bewys het.

Ds. APC Duvenage (Emeritus)

~~~~~